Plasing van klein kampies

Daar is verskeie faktore wat in ag geneem moet word wanneer daar bepaal word waar die klein kampies opgerig gaan word:

- Die kampies moet verkieslik redelik naby die plaashuis opgerig word, sodat dit dopgehou kan word. Sodoende word die risiko van diefstal verminder.
- Hou kampies so vierkantig as moontlik, dit bespaar kostes.
- Plaas kampies, indien moontlik, op moeilik begaanbare areas.
- Kies 'n area waar daar nie 'n natuurlike deurloop van mense is nie.
- Vermy, waar moontlik, die oprigting van kampies langs 'n hoofpad of grootpad.
- Indien die kampies oorweeg word langs 'n hoofroete wat ook 'n toerisme-roete is, word aanbeveel dat daar met die toerismekantoor en ander belanghebbendes gekonsulteer word. (Bv: 'n onlangse toerisme-studie het aangetoon dat toeriste na die Klein-Karoo terugkeer om die "oop ruimtes" weer te besoek – indien 'n klein kampie binne sig van die hoofroete opgerig word, kan dit negatief inwerk op toerisme).
- Die topografie van die omgewing kan ook die vorm van die kampies bepaal; dit hoef nie noodwendig in 'n vierkant te wees nie. 'n Langwerpige kampie mag maak dat die volstruise minder aggressief is.

Winderosie

Hierdie en ander omgewingsfaktore moet ook in ag geneem word:

- Daar moet 'n groterige plat oppervlak binne die kampie wees, om geleentheid vir die volstruis te gee om 'n nes te maak, maar ook ter wille van erosiebeheer.
- Indien die kampie 'n natuurlike val het, moet maatreëls in plek gestel word om erosie te beheer, deur bv. keerslootjies te maak.
- Waar die kampies op sanderige grond met min plantegroei opgerig word, kan beperkte aanplantings (dekriet, uintjies, spekboom ens.) in die kampies gedoen word om die grond te stabiliseer/bind en winderosie te beperk.

Vir verdere navrae:

Kontak: Anita Wheeler

Telefoon: 044 272 2210

Epos: anita@saobc.co.za

'n Gedetailleerde dokument is ook beskikbaar by die kantoor

Suid-Afrikaanse Volstruisbesigheidskamer

Spesifikasies vir die oprig van klein kampies

Ostrich Business Chamber – Bewaring Benutting

National Lottery NLDTF

Riglyne & Wenke

Hoekom klein kampies oorweeg?

Die Biodiversiteitseenheid van die SAVBK se doel is om boere by te staan om verbeterde veldbestuurspraktyke toe te pas. Die eenheid streef na die balans tussen benutting en bewaring van die natuurlike omgewing in die biodiversiteitsryke Klein Karoo. Minder as 10% van die unieke plantegroeitipe in die Oudtshoorn kom is nog oor, wat daarna toe lei dat heelwat volstruisbroeiplase op kritiese bedreigde veld geleë is.

Die omskakeling na die kleinkampiestelsel hou nie net 'n ekonomiese voordeel vir die produsent in nie, maar het 'n aansienlike positiewe impak op die omgewing wat die uiteindelike doel van die projek beklemtoon en onderskraag. Dus word die bestuurspraktyk beskou as 'n ekologies volhoubare boerdery metode.

Aangesien die kleinkampiestelsel lonend moet wees, word daar gewerk van die beginsel dat duo's of trio's oorweeg moet word. Die spesifikasies geld dus vir duo's of trio's.

Die volgende skets toon die spesifikasies soos deur Department Landbou voorgeskryf.

Aangesien die kleinkampiestelsel lonend moet wees, word daar gewerk van die beginsel dat duo's of trio's oorweeg moet word. Die spesifikasies geld dus vir duo's of trio's.

Akkurate rekordhouding van elke kampie is uiters noodsaaklik om die regte selektering van broeivoëls te bepaal. Buiten effektiewe selektering, verminder die stelsel voer, water en roofdier verliese.

Die volgende skets toon die spesifikasies soos deur Department Landbou voorgeskryf.



Heinings

- Heinings is een van die belangrikste komponente van die kleinkampiestelsel en moet gereeld nagegaan word.
- Om tweedehandse materiaal vir die maak van die heinings te gebruik, is totaal aanvaarbaar.
- Gebruik spanhoute (of ysters) en gewone draad.
- Die hoogte van die heining kan van ongeveer 1,5m –1,8m wees. Laasgenoemde hoogte word veral aanbeveel vir agressiewe/wilde voëls wat uit die veld kom.
- Plaas een hek in die heining vir maklike toegang.
- Span ongeveer 5 – 9 drade horisontaal.
- Die onderste draad moet ten minste 0.5m van die grond af wees.
- Die boonste 2 – 3 drade kan nader aan mekaar wees as dié aan die onderkant.
- Die drade moet styf gespan wees – dit kan keer dat die volstruise se nekke daarin vassit as hulle teen die draad gejaag word.
- Daar moet 'n gang (ongeveer 1 – 3m word aanbeveel) aan weerskante van elke kampie wees. Indien dit nie moontlik is nie, kan dit oorweeg word om 'n skadunet of ander materiaal op die volstruis se ooghoogte aan te bring, om sodoende bakleiery wat deur die dominante mannetjie begin word, te probeer beheer.
- Gaan die kampies ten minste een maal per week deur en doen deurlopende instandhouding. Maak ook gate toe wat ystervarke en ander diere gemaak het.
- Die buite heining van die groterkamp kan geelektrifiseer word om roofdiere, skade en diefstal te verminder of te elimineer, maak net seker dat al die skilpaaie in die gebied verwyder is.